

21 Januarie

Matteus 5:14 -16

Ons is die lig van die wêreld

'n Mens steek nie 'n lamp op net om die lig weg te steek nie. Die Here het ons nie ligte in hierdie wêreld gemaak sodat ons net vir onself lig sou hê nie. Ons moet hierdie lig laat skyn.

Dit is 'n donker wêreld om ons. Die wêreld verstaan nie eens sy eie probleem nie. Die wêreld weet nie hoe ver hulle van God, die lewensbron, verwyder geraak het nie. Die wêreld besef nie dat hulle die heerlijkheid van God miskyk om hulle vertrouwe op skepsele te plaas nie. Die wêreld struikel koersloos in die donkerte.

Dit is ons taak om die helderheid van God se lig te laat skyn. God het ons dooie harte lewend gemaak. Daarom kan ons anders lewe. En as ons anders lewe deur goed te doen, is dit soos lig wat skyn in die donker. Daar kom lig en hoop in 'n donker wêreld. Meer nog, ons moet ons lig só laat skyn dat hulle die Vader in die hemel verheerlik.

Kla jy verlam en moedeloos oor die donker wêreld? Wees eerder bly dat God ons die voorreg gee om die lig in die donkerte te laat skyn! Bid dat jy die geleenthede mag raaksien wat die Vader vandag op jou pad sal bring.

Sing Psalm 89:6

Ds. P.A. Odendaal (Evander)